MAANDBRIEF SEPTEMBER 1976

DIE WAS 'N MAAND VAN WEERS OMSTANDIGHEDE. VAN SONNIGE DAE, WINDSTILTE DAE TOT REEN EN STERK WINDE.
DIE EERSTE HELFTE VAN DIE MAAND HET OOK SY PROBLEME VIR DIE BASIS GEBRING. A. G. V. MIN REEN IN DIE EERSTE HELFTE HET DIE VAN DEN BOOGEARD RIVIER OP GEDROOG EN WATER PROBLEME HIER VEROORSAAK.

DAN MET DIE GOEIE WEER HET DIE STAPLUS ALMAL BEET GEPAK. ALAN , YS, EN JOHN STONE HET OP DIE 7DE , DIE TOG NA CAPE DAVIS AANGEPAK EN TOE OOK DIE TOG VERDER OM DIE EILAND. ALAN WAS DIE BESIGE MAN MET DIE TOG EN SELF'S SY WIT KAPOKHOENDERTJIES(PADDIES) IS GETEL. DAN OOK DIE NOORDELIKE GIANT PETERLS EN GENTOO PIKKEWYNE. INTRESSANT IS DAT DAAR NET BY KAALKOPPIE EN SANTA ROSA VALLEI GENTOO PIKKEWYNE IS. VIR JOHN STONE WAS DIT 'N GROOT VERLIGTING OM WEER SY DIESEL MASJIENE TE HOOR LOOP, NADAT YS DIE OUENS BY DIE BASIS MET KERSLIG WOU SIEN.

DIE GROOT STAPKOORS HET DIE ANDER LEDE OOK BEET GEPAK EN JOHN RILEY EN GRANT WAS VOLGENDE OM DIE EILAND . MET JOHAN VENTER EN BEN WAT NET TOT BY CAPE DAVIS GEGAAN HET. HIPPIE , ROY , GRANT EN MARTHAN WAS DIE VOLGENDE. NADAT MARTHAN DIE PELS'ROBBE BY MIXED PICKLE GEMERK HET, HET HULLE DIE TOG VERDER OM DIE EILAND AANGEPAK.DIE OUENS BY DIE BASIS WAS HALF ONTEVREDE OMDAT HULLE NIE MARTKAN'TJIE SE MA SE VERSOEK, OM HOM OPTE PAS KON UITVOER NIE.
ROY HET SOOS ALTYD MET 'N GROOT GLIMLAG TERUG GEKEER EN SATER-DAGAAND IS SY STEM WEER BO DIE GERAAS VAN DIE BASIS GEHOOR, MET DIE FILMVERTONING.

DUDLEY WAS WEER DIE VRIENDELIKE POSMAN , TOE HIP WEG WAS EN SELF'S DIE POSMAN OP KERGUELEN HET SY BRIEF ONTVANG. DAN IS JOHN RRILEY EN GRANT SE VERJAARSDAE OOK DIE MAAND AFGEHANDEL.

TEN LAASTE MAAR NIE TEN SLOTTE, IS TONY WAT ELKE SATERDAG DIE GEWOEL VAN DIE STAD KOM OPSOEK HET VANAF ARCHWAY. TOG NET JAMMER DAT HY NIE EEN VAN DIE 22 ROBBEWYFIES VIR DIE MANNE KON SAAM BRING NIE.

DUS VAN MARION GROETE AAN ALMAL IN DIE REPUBLIEK.

NNNN